

# EEN DNS,
## *vele Voetspore*

*Kennisgewing van*

# ALGEMENE JAARVER-GADERING

# 2026

Senwes

# SENWES BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1997/005336/06)

Geagte Aandeelhouer

**KENNISGEWING VAN PUBLIKASIE VAN ONS GEÏNTEGREERDE VERSLAG, JAARLIKSE FINANSIËLE STATE EN KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING ("AJV")**

Vind hierby aangeheg die kennisgewing van die algemene jaarvergadering (AJV) van Senwes Beperk, soos voorsien in die Maatskappywet Nr. 71 van 2008, soos gewysig ("die Wet") en die AVO, wat op Vrydag, **28 Augustus 2026 om 09:00 by die Senwes Hoofkantoor deur middel van persoonlike bywoning of virtuele deelname** gehou sal word.

Ooreenkomstig artikel 31(1) van die Wet word u hiermee in kennis gestel dat die Senwes Geïntegreerde Verslag 2026 en jaarlikse finansiële state, sowel as die Volhoubaarheidsverslag, vanaf Dinsdag, 28 Julie 2026 op die Senwes-webtuiste (www.senwes.com) beskikbaar sal wees. Indien u 'n gedrukte kopie van die Senwes geïntegreerde verslag of die jaarlikse finansiële state wil ontvang, kan u dit van die Maatskappysekretaris versoek by marthinus.christie@senwes.co.za.

Die raad van direkteure is verantwoordelik vir hierdie kennisgewing van die AJV en hulle het hulself vergewis van die wesenlikheid, akkuraatheid en balans van openbaarmaking in hierdie kennisgewing van die AJV. Die uitslag van die AJV sal so gou as moontlik na afloop van die vergadering op die Senwes-webtuiste aangekondig word.

Die notule van die 2025 AJV is deur die Direksie van die Maatskappy goedgekeur en is op skriftelike versoek by die Maatskappysekretaris beskikbaar.

**Marthinus Christie**
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS (Waarnemend)**
**28 Julie 2026**

**SLUIT BY DIE AJV AAN DEUR MIDDEL VAN DIE MICROSOFT TEAMS-SKAKEL WAT PER AFSONDERLIKE E-POS VOOR DIE AJV VERSKAF SAL WORD**
**VERWYS OOK NA DIE AJV-VIRTUELE GIDS**

**DIE DOKUMENT IS BELANGRIK EN VERG U ONMIDDELLIKE AANDAG**

*Die definisies en interpretasies wat op bladsy 4 van hierdie kennisgewing begin, is van toepassing regdeur hierdie dokument, insluitend hierdie dekblad (tensy die konteks 'n teenoorgestelde bedoeling aandui).*

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING 2026

## SENWES BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienommer 1997/005336/06)

**("Senwes" of "die Maatskappy")**

| **BELANGRIKE DATUMS VIR ALLE AANDEELHOUERS:** | **2026** |
|---|---|
| REKORDDATUM VIR KENNISGEWING VAN DIE VERGADERING | 28 Julie |
| LAASTE DAG OM TE VERHANDEL (DIVIDEND) | 27 Augustus om 16:00 |
| REKORDDATUM VIR DIVIDEND | 27 Augustus om 16:00 |
| INDIENING VAN VOLMAGTE | 27 Augustus voor 12:00 |
| REKORDDATUM VIR BYWONING VAN, DEELNAME AAN EN STEMMING BY DIE VERGADERING | 27 Augustus om 16:00 |
| DATUM VAN ALGEMENE JAARVERGADERING | 28 Augustus om 09:00 |
| BETAALDATUM VAN DIVIDEND | 3 September |

**KENNIS WORD HIERMEE GEGEE dat die 2026 algemene jaarvergadering van aandeelhouers van die Maatskappy by wyse van elektroniese deelname of persoonlike bywoning op Vrydag, 28 Augustus 2026 om 09:00 by Senwes Hoofkantoor (Raadsaal) gehou sal word om die sake hieronder aangedui, te hanteer.**

**ELEKTRONIESE BYWONING:**

'n Teams-skakel sal voor die vergadering per e-pos aan aandeelhouers gestuur word om afstandsdeelname te fasiliteer.

Indien u die AJV wil bywoon en daaraan wil deelneem en nie die Teams-skakel ontvang het nie, kontak die Maatskappysekretaris sonder versuim. Indien u aan die AJV wil deelneem maar voor die AJV vir die voorgestelde besluite wil stem, kan u 'n volmag by die Maatskappysekretaris indien nie later as Donderdag, 27 Augustus 2026 om 12:00 nie.

**PERSOONLIKE BYWONING:**

Aandeelhouers kan ook die AJV persoonlik bywoon. Aandeelhouers kan voor die vergadering by wyse van volmag stem. Stemming by die vergadering sal op die elektroniese platform geskied.

**Sien asseblief bladsy 17 van hierdie Kennisgewing vir verdere besonderhede met betrekking tot elektroniese deelname-instruksies en stemming.**

## AGENDA

1. **Voorlegging van die jaarlikse finansiële state en verslae**

Die geouditeerde jaarlikse finansiële state van die Senwes Groep, insluitend die verslae van die direkteure en Ouditkomitee vir die jaar geëindig 30 April 2026, is beskikbaar in opgesomde formaat saam met hierdie dokument, met die volledige jaarlikse finansiële state op die Maatskappy se webtuiste by www.senwes.com.

**2. Voorlegging van die verslag van die Sosiale en Etiekkomitee**

Die verslag van die Sosiale en Etiekkomitee vir die jaar geëindig 30 April 2026 is beskikbaar in die geïntegreerde verslag op bladsy 32 en die volhoubaarheidsverslag is op die Maatskappy se webtuiste toeganklik.

**3. Gewone besluite**

Om die gewone besluite, soos uiteengesit in hierdie kennisgewing van die AJV, te oorweeg en, indien toepaslik geag, aan te neem.

i. Vir 'n gewone besluit om deur die aandeelhouers aangeneem te word, moet dit deur meer as 50% van die stemregte wat ten opsigte van die besluit uitgeoefen is, gesteun word.

ii. Verkorte CV's van die direkteure wat vir herverkiesing beskikbaar is en dié van die Ouditkomiteelede word vanaf bladsy 7 van hierdie kennisgewing van die AJV uiteengesit.

**4. Spesiale besluite**

Om die spesiale besluite, soos uiteengesit in hierdie kennisgewing van die AJV, te oorweeg en, indien toepaslik geag, aan te neem.

Vir 'n spesiale besluit om deur aandeelhouers aangeneem te word, moet dit deur meer as 75% van die stemregte wat ten opsigte van die besluit uitgeoefen is, gesteun word.

Ooreenkomstig artikels 59(1)(a) en (b) van die Wet is die rekorddatum vir doeleindes om die aandeelhouers van die Maatskappy te bepaal wat geregtig is om die kennisgewing van AJV te ontvang (synde die datum waarop 'n aandeelhouer in die Maatskappy se register van aandeelhouers geregistreer moet wees om kennisgewing van die AJV te ontvang), Dinsdag, 28 Julie 2026.

Die laaste dag waarop Senwes-aandele verhandel kan word en die rekorddatum waarop 'n aandeelhouer as sodanig in die aandeleregister van die Maatskappy aangeteken moet wees om geregtig te wees om die AJV by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem, is Donderdag, 27 Augustus 2026 voor 16:00.

**BELANGRIKE DEFINISIES**:

In hierdie kennisgewing, tensy anders vermeld of die konteks anders aandui, het die woorde en frases in die eerste kolom die betekenis soos daarteenoor in die tweede kolom uiteengesit, verwysings na die enkelvoud sluit die meervoud in en *vice versa*, woorde wat een geslag aandui sluit die ander geslag in en uitdrukkings wat natuurlike persone aandui sluit regspersone en verenigings van persone in:

| | |
|---|---|
| "Aandeelhouers" | beteken die geregistreerde aandeelhouers van die Maatskappy soos van tyd tot tyd in die aandeelhoudersregister weerspieël; |
| "Agribel" | beteken Agribel Beherend Beperk, registrasienommer 1996/017629/06, 'n publieke maatskappy behoorlik geregistreer en geïnkorporeer met beperkte aanspreeklikheid ingevolge die wette van Suid-Afrika en die houermaatskappy van Senwes; |
| "AJV" | beteken hierdie algemene jaarvergadering van aandeelhouers; |
| "AVO" | beteken die Akte van Oprigting van die Maatskappy, soos aangeneem op 26 Augustus 2016, soos gewysig op 26 Augustus 2021; |
| "Direksie" of "Senwes Direkteure" | beteken die raad van direkteure van Senwes; |
| "KING V" | beteken die King V-verslag oor Korporatiewe Beheer; |
| "Maatskappy" | beteken Senwes; |
| "Rekorddatum" | beteken die datum waarop aandeelhouers wat as sodanig in die aandeelhouersregister geregistreer is, geregtig is om kennisgewing van die vergadering te ontvang en/of aan die vergadering deel te neem en te stem oor die besluite wat voorgelê word of om 'n dividend te ontvang; |
| "Senwes" | beteken Senwes Beperk, registrasienommer 1997/005336/06, 'n publieke maatskappy behoorlik geregistreer en geïnkorporeer met beperkte aanspreeklikheid ingevolge die wette van Suid-Afrika; |
| "Wet" | beteken die Maatskappywet, Nr. 71 van 2008, soos gewysig. |

## A. VOORLEGGING VAN DIREKSIEVERSLAG EN JAARLIKSE FINANSIËLE STATE SOOS ONDERSTEUN DEUR DIE OUDITKOMITEEVERSLAG

Om die volgende aan die vergadering voor te lê:

- die Direksieverslag en geouditeerde jaarlikse finansiële state van die Maatskappy vir die tydperk geëindig 30 April 2026*; en
- die Ouditkomiteeverslag, soos deur die Direksie goedgekeur.

*(* 'n afskrif van die volledige jaarverslag vir die vorige finansiële jaar is op versoek by die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy beskikbaar)*

## B. GEWONE BESLUITE

Om die volgende 10 (tien) gewone besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

**1. Gewone besluit nommer 1: Heraanstelling van ouditeur**

"Besluit om die heraanstelling van die ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing., soos deur die Maatskappy se Ouditkomitee genomineer, as onafhanklike eksterne ouditeure van die Maatskappy goed te keur om die amp te beklee tot na afloop van die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy."

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir gewone besluit nr. 1 is dat die Maatskappy se ouditeure jaarliks by die AJV ingevolge die Wet aangestel of heraangestel moet word. Die aangewese ouditvennoot is mnr Pieter Vermeulen.*

**2. Gewone besluit nommer 2: Bevestiging van finale dividend**

"Besluit om die aanbeveling van die raad van direkteure dat 'n finale dividend van 56 sent per aandeel verklaar en betaal word, te bevestig en goed te keur, onderhewig aan die vereistes van die Wet, die AVO en dat die Direksie homself daarvan vergewis het dat die Maatskappy onmiddellik na voltooiing van die uitkering aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 4 van die Wet sal voldoen."

*(Die dividend, minus dividendbelasting indien van toepassing, sal op 3 September 2026 aan Aandeelhouers betaal word wat as sodanig op die rekorddatum geregistreer is).*

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir gewone besluit nr. 2 is om Aandeelhouers die geleentheid te bied om die dividend wat deur die Direksie verklaar is ingevolge klousule 20.2.4.4 van die AVO te oorweeg en te bekragtig. Ingevolge klousule 35.5 van die AVO mag die algemene vergadering nie 'n groter dividend verklaar as die dividend wat deur die Direksie aanbeveel is nie. Die gevolg van die besluit, indien aangeneem, is dat Aandeelhouers die Direksie se aanbeveling vir die verklaring en betaling van die dividend sal bevestig en goedkeur, onderhewig aan nakoming van die Wet, die AVO en die solvensie- en likiditeitsvereistes.*

**3. Gewone besluit nommer 3: Bevestiging van spesiale dividend**

"Besluit om die aanbeveling van die raad van direkteure dat 'n spesiale dividend van 36 sent per aandeel verklaar en betaal word, te bevestig en goed te keur, onderhewig aan die vereistes van die Wet, die AVO en dat die Direksie homself daarvan vergewis het dat die Maatskappy onmiddellik na voltooiing van die uitkering aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 4 van die Wet sal voldoen."

*(Die dividend, minus dividendbelasting indien van toepassing, sal op 3 September 2026 aan aandeelhouers betaal word wat as sodanig op die rekorddatum geregistreer is).*

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir gewone besluit nr. 3 is om aandeelhouers die geleentheid te bied om die dividende wat deur die Direksie verklaar is ingevolge klousule 20.2.4.4 van die AVO te oorweeg en te bekragtig. Ingevolge klousule 35.5 van die AVO mag die algemene vergadering nie 'n groter dividend verklaar as die dividend wat deur die Direksie aanbeveel is nie. Die gevolg van die besluit, indien aangeneem, is dat Aandeelhouers die Direksie se aanbeveling vir die verklaring en betaling van die spesiale dividend sal bevestig en goedkeur, onderhewig aan nakoming van die Wet, die AVO en die solvensie- en likiditeitsvereistes.*

**4. Gewone besluit nommer 4: Verkiesing van uittredende nie-uitvoerende direkteure en bevestiging van aanstellings van nie-uitvoerende direkteure**

a) In terme van die rotasieprogram wat deur die Direksie aanvaar is ooreenkomstig die AVO, moet mnr Nico Liebenberg en mnr Thabo van Zyl by wyse van rotasie uittree. Beide hierdie direkteure is beskikbaar vir herverkiesing.

b) Dr Steve Booysen is in 2010 as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur op die Direksie aangestel en moet jaarliks uittree nadat hy 'n dienstermyn van 9 (nege) jaar of langer voltooi het.

Dr Booysen dien tans sy 16de (sestiende) jaar as direkteur. Die Direksie het die onafhanklikheid van dr Booysen teen die beginsels van KING V beoordeel en beveel hom vir herverkiesing aan. Dr Booysen is beskikbaar vir herverkiesing vir 'n verdere ampstermyn en word derhalwe, as uittredende direkteur, outomaties vir die bestaande vakature op die Direksie genomineer.

c) Mnr Andrew Waller is in 2014 as 'n nie-uitvoerende direkteur op die Direksie aangestel en dien tans as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur. Hy moet jaarliks uittree nadat hy 'n dienstermyn van 9 (nege) jaar of langer voltooi het.

Mnr Waller dien tans sy 12de (twaalfde) jaar as direkteur. Die Direksie het die onafhanklikheid van mnr Waller teen die beginsels van KING V beoordeel en beveel hom vir herverkiesing aan. Mnr Waller is beskikbaar vir herverkiesing vir 'n verdere ampstermyn en word derhalwe, as uittredende direkteur, outomaties vir die bestaande vakature op die Direksie genomineer.

Aandeelhouers is ook geregtig om persone anders as die uittredende direkteure ingevolge klousule 26 van die AVO te nomineer.

Aandeelhouers word versoek om 4 (vier) direkteure vir die 4 (vier) vakatures wat weens die uittredes ingevolge die rotasieprogram ontstaan het, te verkies.

Die Direksie beveel die herverkiesing van al hierdie direkteure aan.

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir en gevolg van gewone besluite nr. 4.1 tot 4.4 is om die direkteure wat ingevolge die AVO van die Maatskappy uittree, te verkies.*

**DIE KANDIDATE WAT UITTREE IS *(IN ALFABETIESE ORDE)* SOOS VOLG:**

**SF (Steve) Booysen**
**NDP (Nico) Liebenberg**
**WH (Thabo) van Zyl**
**AG (Andrew) Waller**

**Belangrike inligting:**

Geen persoon behalwe die direkteur wat by die vergadering uittree, mag as direkteur verkies word nie, tensy sodanige persoon vooraf ingevolge klousule 26.3 van die AVO genomineer is. Nominasies van persone wat ingevolge die Wet en die AVO van die Maatskappy geregtig is om as direkteure te dien, kan gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat by die Maatskappysekretaris beskikbaar is.

Voltooide nominasievorms moet by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy ingedien word (vir aandag: Die Maatskappysekretaris) minstens 45 dae voor die datum van die vergadering.

**4.1** **Gewone besluit nr. 4.1:** "Besluit dat dr Steve Booysen herkies word as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur."

**Verkorte curriculum vitae:**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Stefanes Francois Booysen |
| Woonagtig te: | Pretoria |
| Geboortedatum en ouderdom: | 17 Junie 1962 (64) |
| Ampstermyn: | Direkteur sedert Oktober 2010 |
| Kwalifikasies: | B.Compt. (Hons) (Rek), D.Com., GR (SA) |
| Ander inligting: | Dr Booysen is 'n voormalige Groep Hoof Uitvoerende Beampte van Absa Groep Bpk. en beklee verskeie direkteurskappe in korporatiewe Suid-Afrika. Hy is Senwes se ondervoorsitter en leidinggewende onafhanklike direkteur. Hy is ook die voorsitter van die Oudit- en Beleggingskomitees en lid van die Nominasie- en Vergoedings-komitees. |

**4.2** **Gewone besluit nr. 4.2:** "Besluit dat mnr Nico Liebenberg herkies word as 'n nie-uitvoerende direkteur."

**Verkorte curriculum vitae:**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Nico Daniel Pieter Liebenberg |
| Besigheidsadres: | Fraaiuitzicht, Posbus 413, Bothaville, 9660 |
| Geboortedatum en ouderdom: | 5 Desember 1968 (57) |
| Ampstermyn: | Direkteur sedert Augustus 2008 |
| Kwalifikasies: | B.Com (Hons), M. Volhoubare Landbou |
| Beroep/posisie: | Mnr Liebenberg boer sedert 1991 in die Bothaville-distrik. Hy het 'n gediversifiseerde boerdery-eenheid gevestig en is, *inter alia*, een van die groenteverskaffers aan 'n bekende kleinhandelgroep. Hy is ook 'n direkteur van Senwes en voorsitter van die Vergoedingskomitee en lid van die Nominasie- en Beleggingskomitees van Senwes. Hy is die voorsitter van Agribel. |

**4.3** **Gewone besluit nr. 4.3:** "Besluit dat mnr Thabo van Zyl herkies word as nie-uitvoerende direkteur."

**Verkorte curriculum vitae:**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Wilhelmus Hendrikus van Zyl |
| Woonagtig te: | Visagieskuil, Posbus 166, Wesselsbron, 9680 |
| Geboortedatum en ouderdom: | 12 Desember 1974 (51) |
| Ampstermyn: | Direkteur sedert Augustus 2012 |
| Kwalifikasies: | B.Sc Agric (Landbou-ekonomie) |
| Beroep/posisie: | Mnr van Zyl het in 1992 aan die Sandveld Hoërskool in Wesselsbron gematrikuleer, waar hy sy skoolloopbaan as onderhoofseun afgesluit het. Daarna het hy in 1997 'n B.Sc Agric-graad in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria (TUKS) verwerf. Thabo dien op die raad van Thuso Milling en is by voervervaardiging betrokke. Hy is 'n mentor van die Thobo Trust-projek by Senwes se Losdoorns-silo. Hy is 'n lid van die Risiko, Sosiale en Etiek, en Vergoedingskomitees. Hy is ook 'n direkteur van Agribel. |

**4.4 Gewone besluit nr. 4.4:** "Besluit dat mnr Andrew Waller herkies word as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur."

**Verkorte curriculum vitae:**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Andrew Geard Waller |
| Woonagtig te: | Posbus 1, Durban, 4000 |
| Geboortedatum en ouderdom: | 30 Mei 1962 (64) |
| Ampstermyn: | Direkteur sedert Desember 2014 |
| Kwalifikasies: | B.Com (Hons) (Rek), GR (SA) |
| Beroep/posisie: | Mnr Waller was sedert Maart 2011 die Finansiële Direkteur van Grindrod en is in 2018 as Hoof Uitvoerende Beampte aangestel. Mnr Waller het in Desember 2022 by Grindrod afgetree en dien nou as 'n nie-uitvoerende direkteur op verskeie maatskappye. Hy was voorheen vir 15 jaar 'n vennoot by Deloitte, waartydens hy verantwoordelik was vir 'n aantal Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappye. Hy is 'n lid van die Oudit- en Beleggingskomitees. |

## 5. Gewone besluit nommer 5: Bevestiging van aanstellings van uitvoerende direkteure

Ingevolge klousule 26.1.3 van die AVO word die uitvoerende direkteure deur die Direksie aangestel. Sodanige aanstelling moet by die algemene vergadering bevestig word.

Me Debbie Bester is deur die Direksie as die Groep Hoof Uitvoerende Beampte aangestel met ingang van 1 April 2025.

Mnr Derek Engelbrecht is deur die Direksie as die Groep Hoof Finansiële Beampte aangestel met ingang van 6 Januarie 2026.

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir en gevolg van gewone besluite nr. 5.1 en 5.2 is om die aanstelling van die uitvoerende direkteure te bevestig.*

**Gewone besluit nr. 5.1:** "Besluit dat die aanstelling van me Debbie Bester as uitvoerende direkteur (Groep Hoof Uitvoerende Beampte) bevestig word."

**Verkorte curriculum vitae:**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Debbie Bester |
| Ouderdom: | 39 |
| Ampstermyn: | Direkteur sedert 1 April 2025 |
| Kwalifikasies: | B.Compt (Hons) Rekeningkundige Wetenskap, GR (SA) |
| Ander inligting: | Nadat Debbie in 2004 gematrikuleer het, het sy haar loopbaan by PwC begin terwyl sy deeltyds deur Unisa studeer het. Daarna het sy 'n aanstelling by Suidwes aanvaar (2013). Ná die samesmelting tussen Suidwes en Senwes in Oktober 2020 het Debbie verskeie poste binne die Senwes Groep beklee, onder andere Finansiële Direkteur: Hinterland (2020), Waarnemende Hoof Finansiële Beampte (2022), Uitvoerende Hoof: Korporatiewe en Besigheidsingenieurswese (2023) en Groep Hoof Uitvoerende Beampte (2025). Debbie is 'n direkteur op verskeie filiaaldireksies en is 'n uitvoerende direkteur op die Direksie van Senwes Beperk. |

**Gewone besluit nr. 5.2:** "Besluit dat die aanstelling van mnr Derek Engelbrecht as uitvoerende direkteur (Groep Hoof Finansiële Beampte) bevestig word."

**Verkorte curriculum vitae:**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Derek Engelbrecht |
| Ouderdom: | 52 |
| Ampstermyn: | Direkteur sedert 6 Januarie 2026 |
| Kwalifikasies: | B.Com Rekeningkunde (Hons), GR (SA), M.Com Finansiële Bestuur |
| Ander inligting: | Derek het in Januarie 2026 by Senwes aangesluit ná 19 jaar by Ernst & Young (EY), waar hy sedert 2006 as vennoot gedien het. Gedurende daardie 19 jaar het Derek groot, komplekse en multinasionale opdragte gelei. Hy het 'n sterk agtergrond in risikobestuur, verbetering van beheermaatreëls en die lewering van groot komplekse projekte. Derek bring diepgaande kundigheid in finansiële verslagdoening na Senwes, asook ervaring in finansiële omsigtigheidsondersoeke, samesmeltings en verkrygings, en IT-oorgange. |

## 6. Gewone besluit nommer 6: Verkiesing van die lede van die Senwes Ouditkomitee

"Besluit om die volgende nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy (gewone besluite nr. 6.1 tot 6.4) individueel as lede van die Senwes Ouditkomitee aan te stel tot die volgende algemene jaarvergadering. Die Direksie beveel aan dat die Ouditkomitee uit 4 (vier) nie-uitvoerende direkteure bestaan."

| ***Name** (in alfabetiese orde)* | ***Kwalifikasies*** |
|---|---|
| ***Gewone besluit nr. 6.1<br>SF (Steve) Booysen*** | *B.Compt. (Hons) (Unisa), D.Com. (UP), GR (SA). Vir meer inligting verwys ook na paragraaf 4 hierbo.* |
| ***Gewone besluit nr. 6.2<br>JJ (Jaco) Minnaar*** | *B.Ing. Landbou (UP).* |
| ***Gewone besluit nr. 6.3<br>VJ (Venete) Klein*** | *Verskeie uitvoerende ontwikkelingsprogramme van Harvard, Insead en MIT.* |
| ***Gewone besluit nr. 6.4<br>AG (Andrew) Waller*** | *B.Com. (Hons) (Rek), GR (SA). Geoktrooieerde rekenmeester. Vir meer inligting, verwys ook na paragraaf 4 hierbo.* |

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir en gevolg van gewone besluite nr. 6.1 tot 6.4 is om lede op die Ouditkomitee van die Maatskappy aan te stel soos vereis ingevolge artikel 94(2) van die Wet.*

## 7. Gewone besluit nommer 7: Aanstelling van die Sosiale en Etiekkomitee

"Besluit om die ondervermelde direkteure as lede van die Maatskappy se Sosiale en Etiekkomitee ingevolge artikel 72 van die Wet aan te stel. Aangesien die Wet vereis dat die komitee uit minstens 3 (drie) lede moet bestaan, waarvan 1 (een) onafhanklik moet wees, beveel die Direksie aan dat die volgende direkteure tot die komitee aangestel word."

| ***Name*** *(in alfabetiese orde)* | ***Kwalifikasie*** |
|---|---|
| ***VJ (Venete) Klein*** | *Verskeie uitvoerende ontwikkelingsprogramme van Harvard, INSEAD en MIT. Ervare direkteur met uitgebreide ondervinding in die finansiële en banksektore.*<br>*Hoof Uitvoerende Beampte van Klein Inc Management Consultants. Lid van die KLK-direksie, voorsitter van die Senwes Sosiale en Etiekkomitee en lid van die Senwes Ouditkomitee.* |
| ***WH (Thabo) van Zyl*** | *B.Sc. Agric (Landbou-ekonomie).*<br>*Thabo is betrokke by maal- en voervervaardiging. Hy is 'n mentor van die Thobo Trust-projek by Senwes se Losdoorns-silo. Hy is 'n lid van die Risiko- en Vergoedingskomitees. Hy is ook 'n direkteur van Agribel.* |
| ***JJ (Hansie) Viljoen*** | *B. Agric.*<br>*Hansie was vir baie jare die voorsitter van Suidwes en is 'n gerespekteerde sakeman en boer in die Leeudoringstad-omgewing. Hy dien ook op die direksie van Agribel."* |

***Rede en gevolg:***

*Ingevolge die bepalings van regulasie 43 van die Wet word daar van die Maatskappy vereis om 'n Sosiale en Etiekkomitee te hê. Hierdie komitee is vir die eerste keer in 2012 aangestel. Die Direksie beveel aan dat die komitee uit die drie lede soos hierbo uiteengesit, bestaan.*

## 8. Gewone besluit nommer 8: Algemene magtiging om aandele toe te ken en uit te reik

"Besluit dat, as 'n algemene magtiging, maar onderhewig aan die bepalings van die noteringsvereistes van enige gelisensieerde beurs (indien van toepassing) en artikel 41 van die Wet, die gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy, soos op die datum van hierdie besluit, hiermee onder die beheer van die direkteure van die Maatskappy geplaas word tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering, om sodanige aandele aan sodanige persoon/persone en op sodanige bepalings en voorwaardes toe te ken en uit te reik as wat die direkteure in hul uitsluitlike diskresie mag bepaal."

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir gewone besluit nr. 8 is dat die gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy onder die beheer van die direkteure geplaas word. Hierdie magtiging word jaarliks versoek en sal tot die volgende AJV geld.*

*Voormelde magtiging word versoek om die Direksie in staat te stel om uitvoering te gee aan die Maatskappy se strategieë ten opsigte van groei, die uitreiking van aandele aan moontlike nuwe besigheidsvennote en/of bestaande aandeelhouers, die verkryging van addisionele kapitaal of die uitreiking van aandele vir doeleindes van strategiese transaksies of personeelaansporingskemas. Ingevolge artikel 41 van die Wet is die Direksie reeds gemagtig om aandele uit te reik, onderhewig aan sekere voorwaardes. Indien die direkteure meer as 30% van die reeds uitgereikte aandelekapitaal uitreik, word voorafgaande aandeelhouersgoedkeuring vereis.*

*Ingevolge die bepalings van die Wet moet Aandeelhouers ook magtiging by wyse van 'n spesiale besluit verleen waar aandele aan direkteure en/of voorgeskrewe beamptes en/of verwante partye uitgereik word. Sodanige magtiging is reeds deur Aandeelhouers by die 2011 algemene jaarvergadering verleen en hierdie magtiging is tot op datum nie herroep nie.*

## 9. Gewone besluit nommer 9: Goedkeuring van die Maatskappy se vergoedingsbeleid

"Besluit dat die Maatskappy se vergoedingsbeleid, welke beskikbaar is op bladsy 48 van die geïntegreerde verslag, goedgekeur word."

***Rede en gevolg:***

*'n Nuwe artikel 30A is ingevoeg in die Wet ingevolge die Maatskappywysigingswet, Wet 16 van 2024, welke invoegings op 22 Mei 2026 in werking getree het. Artikel 30A vereis dat alle publieke maatskappye en staatsbeheerde maatskappye 'n vergoedingsbeleid voorberei en dit by die algemene jaarvergadering vir goedkeuring deur aandeelhouers by wyse van 'n gewone besluit voorlê. Sodra dit goedgekeur is, bly die vergoedingsbeleid vir 'n tydperk van drie jaar van krag en moet dit daarna elke drie jaar goedgekeur word.*

*Die gevolg van gewone besluit nommer 9, indien goedgekeur, is dat die Maatskappy se vergoedingsbeleid deur aandeelhouers goedgekeur sal word en vir drie jaar van krag sal bly, tensy dit vroeër wesenlik gewysig word, waarna dit weer ingevolge artikel 30A van die Wet aan Aandeelhouers vir goedkeuring voorgelê moet word.*

## 10. Gewone besluit nommer 10: Goedkeuring van die Maatskappy se vergoedingsverslag

"Besluit dat die Maatskappy se vergoedingsverslag, welke beskikbaar is op bladsy 47 van die geïntegreerde verslag, goedgekeur word."

***Rede en gevolg:***

*'n Nuwe artikel 30B is ingevoeg in die Wet ingevolge die Maatskappywysigingswet, Wet 16 van 2024, welke invoegings op 22 Mei 2026 in werking getree het. Artikel 30B vereis dat alle publieke maatskappye en staatsbeheerde maatskappye 'n vergoedingsverslag vir die vorige finansiële jaar voorberei en dit by die algemene jaarvergadering vir goedkeuring deur aandeelhouers by wyse van gewone besluit voorlê.*

*Die gevolg van gewone besluit nommer 10, indien goedgekeur, is dat die Maatskappy se vergoedingsverslag vir die vorige finansiële jaar deur aandeelhouers ingevolge artikel 30B van die Wet goedgekeur sal word. Die goedkeuring bevestig aandeelhouersgoedkeuring van die openbaarmakings vervat in die vergoedingsverslag vir die finansiële jaar, insluitend die wyse waarop die Maatskappy sy vergoedingsbeleid gedurende die verslagdoeningstydperk geïmplementeer het.*

## C. SPESIALE BESLUITE

Om die volgende 4 (vier) spesiale besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, sodanige besluite met of sonder wysigings aan te neem:

### 1. Spesiale besluit nommer 1: Goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure

**"Besluit dat:**

Ingevolge artikel 66(9) van die Maatskappywet, die betaling van vergoeding vir die dienste van nie-uitvoerende direkteure van Senwes goedgekeur word vir die tydperk 1 September 2026 tot 31 Augustus 2027, soos in die tabel hieronder uiteengesit:"

| **KATEGORIE** | | | **Voorgestelde raadretensiegeld (jaarlikse fooi)** | **Voorgestelde raadskomiteegelde wat by die jaarlikse fooi gevoeg moet word** |
|---|---|---|---|---|
| | | | **Belasting op toegevoegde waarde uitgesluit** | |
| | | | **R** | **R** |
| Voorsitter van die Raad (per jaar) * | | | 1 018 902 | |
| Ondervoorsitter (per jaar) | | | 599 913 | |
| Direkteure (per jaar) | | | 416 608 | |
| **Voorsitter:** | | | | |
| Ouditkomitee | | | | 325 517 |
| Ander Raadskomitees | | | | 233 006 |
| **Komiteelede:** | | | | |
| Lede van Ouditkomitee | | | | 175 689 |
| Lede van ander Raadskomitees | | | | 120 605 |
| | | | | |
| * Voorsitter is ex officio-lid van alle Raadskomitees en word addisioneel vergoed per vergadering wat bygewoon word | | | | |
| **Reiskoste** | | Die heersende AA-tariewe vir onderhoudskoste per km plus die brandstofkoste per km (aangepas soos die petrolprys elke maand verander), gebaseer op 'n voertuig op die > 4 000 cc-vlak volgens die AA-tabelle | | |
| **Reis- en verblyfuitgawes** | | Werklike uitgawes geëis | | |
| **Oorsese daaglikse toelaag (om** geëis **te word)** | | Soos per heersende werknemersbeleid | | |

***Rede en gevolg:***

*Ooreenkomstig die bepalings van klousule 28.1 van die AVO is 'n nie-uitvoerende direkteur geregtig op sodanige vergoeding as wat die Maatskappy van tyd tot tyd by 'n algemene vergadering bepaal. Artikel 66(9) van die Wet vereis dat vergoeding goedgekeur word by wyse van 'n spesiale besluit wat binne die voorafgaande twee jaar deur aandeelhouers aangeneem is. Gevolglik word die voorgestelde vergoeding ter oorweging voorgelê, aangesien die Maatskappy die vergoeding jaarliks hersien.*

*Die Direksie het die sektor- en markmaatstawwe oorweeg en 'n verhoging van 4,00% (vier persent) op die 2026-vergoeding goedgekeur en aanbeveel.*

*Die gevolg van spesiale besluit nommer 1, indien aangeneem, is dat die Maatskappy sy nie-uitvoerende direkteure kan betaal vir die dienste wat hulle as direkteure aan die Maatskappy lewer tot die volgende AJV van die Maatskappy. Nie-uitvoerende vergoeding hou verband met die grootte en kompleksiteit van die organisasie.*

*Die uitvoerende direkteure van die Maatskappy ontvang geen vergoeding vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy nie, maar word as werknemers van die Maatskappy vergoed ooreenkomstig hul skriftelike dienskontrakte.*

*Besonderhede van die vergoeding betaal vir die jaar geëindig 30 April 2026 is beskikbaar in die geïntegreerde verslag (verwys na www.senwes.com).*

**2. Spesiale besluit nommer 2: Algemene magtiging aan die Maatskappy of 'n filiaal van die Maatskappy om aandele in die Maatskappy te verkry**

**"Besluit dat:**

"Besluit dat, in die mate wat deur artikels 46 en 48 van die Maatskappywet vereis word, en onderhewig aan die bepalings van die Wet, die AVO, enige toepaslike beursvereistes en enige ander toepaslike regulatoriese vereistes, die Maatskappy en/of enige filiaal van die Maatskappy hiermee by wyse van 'n algemene magtiging gemagtig word om aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is, te verkry, hetsy deur 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies, insluitend die verkryging van sodanige aandele vanaf 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die Maatskappy, of vanaf 'n persoon wat verwant is aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte, en insluitend die verkryging deur enige filiaal van aandele in die Maatskappy, op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede as wat die Direksie van tyd tot tyd mag bepaal, met dien verstande dat:

a) die magtiging slegs geldig sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die Maatskappy;

b) enige verkryging onderhewig sal wees daaraan dat die Maatskappy aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 4 van die Wet voldoen;

c) die Direksie, voordat enige verkryging geïmplementeer word, die besluit sal neem wat deur artikel 46 van die Wet vereis word en tevrede sal wees dat die Maatskappy onmiddellik na die verkryging aan die solvensie- en likiditeitstoets sal voldoen;

d) die verkryging nie artikel 48 van die Wet sal oortree nie, insluitend enige toepaslike beperkings op aandele wat deur filiale verkry word; en

e) die verkryging geïmplementeer sal word onderhewig aan enige toepaslike beperkings ingevolge die Wet, die AVO en enige toepaslike beursreëls."

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir en gevolg van hierdie spesiale besluit is om aan die Maatskappy en/of enige filiaal van die Maatskappy 'n algemene magtiging te verleen, in die mate wat deur artikels 46 en 48 van die Wet vereis word, insluitend artikel 48(8), om aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is, te verkry, onderhewig aan die Wet, die AVO, die solvensie- en likiditeitsvereistes en enige toepaslike regulatoriese vereistes.*

**3. Spesiale besluit nommer 3: Goedkeuring van die wysiging aan klousule 17.2.1 van die AVO om die wysigings wat deur die Maatskappywysigingswet, 2024 ingestel is, te weerspieël**

**"Besluit dat:**

Die huidige klousule 17.2.1 van die AVO, wat soos volg lui:

"solank dit ingevolge die Noteringsvereistes van die Beurs vereis word, die verkryging deur 'n spesiale besluit van die Aandeelhouers goedgekeur is, hetsy ten opsigte van 'n spesifieke terugkoop of algemeen deur Aandeelhouers goedgekeur is, en tensy sodanige verkryging andersins aan artikels 5.67 tot 5.69 van die Noteringsvereistes van die Beurs voldoen (of sodanige ander artikels as wat van tyd tot tyd van toepassing mag wees);"

in geheel geskrap word en met die volgende vervang word:

"waar dit deur die Wet of die Noteringsvereistes van die Beurs vereis word, die verkryging deur 'n spesiale besluit van die Aandeelhouers goedgekeur is, hetsy ten opsigte van 'n spesifieke verkryging of ingevolge 'n algemene magtiging wat deur die Aandeelhouers verleen is, en waar die verkryging voldoen aan die Wet en die Noteringsvereistes van die Beurs wat ten tyde van sodanige verkryging van toepassing is;"

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir hierdie spesiale besluit is om klousule 17.2.1 van die AVO te wysig ten einde dit met die Wet, soos gewysig deur die Maatskappywysigingswet, 2024, in ooreenstemming te bring, en om bewoording te verwyder wat spesifiek na artikels van die Noteringsvereistes van die Beurs verwys wat van tyd tot tyd mag verander. Die wysiging is bedoel om te verseker dat verkrygings deur die Maatskappy van sy eie aandele onderhewig bly aan die Wet, die AVO, enige toepaslike beursvereistes en enige ander toepaslike regulatoriese vereistes wat ten tyde van die verkryging geld.*

*Die gevolg van hierdie spesiale besluit, indien dit aangeneem word, is dat die huidige klousule 17.2.1 van die AVO in sy geheel geskrap en met die bewoording hierbo vervang sal word, met die gevolg dat die Maatskappy se AVO voorsiening sal maak vir aandeelhouersgoedkeuring vir 'n verkryging van die Maatskappy se eie aandele waar dit deur die Wet of enige toepaslike beursvereistes vereis word, hetsy ten opsigte van 'n spesifieke verkryging of ingevolge 'n algemene magtiging wat deur Aandeelhouers verleen is.*

**4.** ***Spesiale besluit nommer 4: Goedkeuring van die wysiging aan klousule 17.3.2 van die AVO om die wysigings wat deur die Maatskappywysigingswet, 2024 ingestel is, te weerspieël***

***"Besluit dat:***

*Die huidige klousule 17.3.2 van die AVO, wat soos volg lui:*

*"onderhewig is aan die vereistes van artikels 114 en 115 indien dit alleen beskou word, of tesame met ander transaksies in 'n geïntegreerde reeks transaksies, die verkryging deur die Maatskappy van meer as 5% (vyf persent) van die uitgereikte Aandele van enige bepaalde klas van die Maatskappy se Aandele behels."*

*in geheel geskrap word en met die volgende vervang word:*

*"onderhewig is aan die vereistes van artikel 48 van die Wet en, waar van toepassing, die Noteringsvereistes van die Beurs, insluitend enige vereiste vir goedkeuring deur spesiale besluit van aandeelhouers soos bedoel in artikel 48(8) van die Wet."*

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir hierdie spesiale besluit is om klousule 17.3.2 van die AVO te wysig ten einde dit met die Wet, soos gewysig deur die Maatskappywysigingswet, 2024, in ooreenstemming te bring, welke wysigings die vereistes van toepassing op die verkryging deur 'n maatskappy van sy eie aandele gewysig het. Die wysiging is bedoel om die vorige verwysing na artikels 114 en 115 van die Wet te verwyder in omstandighede waar die verkryging deur die Maatskappy van sy eie aandele meer as 5% (vyf persent) van die uitgereikte aandele van enige bepaalde klas behels, en om die AVO met die huidige vereistes van artikel 48 van die Wet en enige toepaslike beursvereistes in ooreenstemming te bring.*

*Die gevolg van hierdie spesiale besluit, indien dit aangeneem word, is dat die huidige klousule 17.3.2 van die AVO in sy geheel geskrap en met die bewoording hierbo vervang sal word, met die gevolg dat verkrygings deur die Maatskappy van sy eie aandele deur artikel 48 van die Wet en, waar van toepassing, die Noteringsvereistes van die Beurs beheer sal word, insluitend enige vereiste vir goedkeuring deur spesiale besluit van aandeelhouers soos bedoel in artikel 48(8) van die Wet.*

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 45 VAN DIE WET

Aandeelhouers word hiermee, vir doeleindes van artikel 45 van die Wet, in kennis gestel dat die Maatskappy oor 'n Aandeelhouersmagtiging beskik wat die Direksie magtig om direkte of indirekte finansiële bystand aan verwante of interverwante maatskappye en korporasies van die Maatskappy te verleen, soos bedoel in artikel 45 van die Wet, onderhewig aan nakoming van die vereistes van die Wet en die AVO.

Ooreenkomstig artikel 45(5) van die Wet word Aandeelhouers in kennis gestel dat, gedurende die jaar onder oorsig, geen lenings, gerusstellingsbriewe of waarborge deur die Direksie aan verwante of interverwante maatskappye of korporasies van die Maatskappy goedgekeur of verskaf is nie.

- waar finansiële bystand in die toekoms voorgestel word, moet die Direksie tevrede wees dat die Maatskappy, onmiddellik ná die verlening van sodanige finansiële bystand, aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 4 van die Wet sal voldoen; en

- die bepalings waaronder enige sodanige finansiële bystand verleen mag word, moet regverdig en redelik teenoor die Maatskappy wees, en daar moet aan alle toepaslike vereistes en beperkings ten opsigte van finansiële bystand soos in die Wet en die AVO uiteengesit, voldoen word.

Die posisie vir die jaar onder oorsig word soos volg opgesom:

| LENINGS GOEDGEKEUR | GERUSSTELLINGSBRIEWE | WAARBORGE |
|---|---|---|
| **Geen** | **Geen** | **Geen** |

Deur hierdie kennisgewing te gee, teken die Maatskappy aan dat geen finansiële bystand soos bedoel in artikel 45 van die Wet gedurende die jaar onder oorsig goedgekeur of verleen is nie en dat, indien enige sodanige finansiële bystand in die toekoms oorweeg word, dit onderhewig sal wees aan die vereistes van artikel 45 van die Wet, die AVO en die toepaslike goedkeurings deur die Direksie.

## STEMMING EN BELANGRIKE ALGEMENE NOTAS

### STEMMING PER VOLMAG VOOR DIE AJV

- ’n Aandeelhouer wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie, kan ’n gevolmagtigde aanstel om hom/haar by die vergadering te verteenwoordig en namens hom/haar daarop te praat.
- ’n Gevolmagtigde hoef nie ’n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie.
- Ten einde die administrasie van die vergadering te vergemaklik, word aandeelhouers aangemoedig om volmagvorms so gou as moontlik voor die aanvang van die vergadering in te handig.
- **’n Volmagvorm word hierby ingesluit. Volmagvorms kan ook na keuse van die aandeelhouer elektronies ingedien word.**
- Aandeelhouers wat verkies om by wyse van volmag teenwoordig te wees en te stem:

    i) mag ’n **harde kopie van die volmagvorm** ooreenkomstig die instruksies op die keersy van die dokument voltooi en inhandig by of terugstuur aan die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571, of by wyse van faks of per e-pos, vir aandag die Maatskappysekretaris. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faks nr. 086 680 3124 of e-pos: claudi.smit@senwes.co.za.

    **OF**

    ii) **Mag die volmag elektronies indien via die internet**. Vir hierdie doel kan die volgende webtuiste gebruik word: https://www.senwes.com/ en volg die stappe om toegang te kry tot die Aandeelhouer stemplatform. Die notas op die keersy van die ingeslote volmagvorm rakende die voltooiing van die volmag is *mutatis mutandis* van toepassing op die elektroniese volmagvorms.

- Nominasievorms vir die verkiesing van direkteure sal beskikbaar wees en kan bekom word van die Maatskappysekretaris vanaf 28 Julie 2026. Voltooide nominasievorms moet by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy ingedien word (vir aandag: Die Maatskappysekretaris) minstens 45 dae voor die datum van die vergadering.
- Enige Aandeelhouer wat navrae het met betrekking tot die AJV of bostaande, moet die Maatskappy-sekretaris, Marthinus Christie, skakel by +27 (0)18 464 7601 of marthinus.christie@senwes.co.za.
- Die uitslag van die vergadering sal aangekondig word en op die Maatskappy se webtuiste geplaas word so gou as prakties moontlik, maar nie later as 48 uur na die afsluiting van die vergadering nie.

**DEELNAME EN STEMMING BY DIE AJV**

- Die AJV sal in geheel by wyse van elektroniese kommunikasie gehou word (insluitend stemming by die AJV), soos bedoel in Artikel 63(2)(a) van die Maatskappywet. Die prosedure vir deelname by wyse van elektroniese kommunikasie, word hieronder uiteengesit.

- Vir hierdie doel kan die volgende webtuiste gebruik word: https://www.senwes.com/ en volg die stappe om toegang te kry tot die aandeelhouer stemplatform.

- Alhoewel stemming via die elektroniese platform tydens die AJV toegelaat sal word, word aandeelhouers aangemoedig om per volmag voor die AJV te stem.

- Aandeelhouers word voorts aangemoedig om enige vrae per e-pos aan die Maatskappysekretaris te rig by marthinus.christie@senwes.co.za, teen nie later nie as 12:00 op Donderdag, 27 Augustus 2026. Daar sal ook ŉ fasiliteit beskikbaar wees vir vrae op die virtuele platform gedurende die AJV.

- Aandeelhouers sal aanspreeklik wees vir die koste wat deur hulle aangegaan word om die AJV by te woon. Aandeelhouers sal ook verantwoordelik wees om te verseker dat hulle ononderbroke toegang tot die AJV het. Nie Senwes of sy diensverskaffers sal aanspreeklik gehou kan word vir aspekte soos verlies aan netwerkverbinding, netwerkfaling weens onvoldoende lugtyd/internet, verbinding-/kragonderbrekings of enige soortgelyke gebeurtenisse wat aandeelhouers sal verhoed om die AJV by te woon, daaraan deel te neem of daarop te stem nie.

- Die Maatskappy kan nie waarborg dat daar nie ŉ onderbreking in elektroniese kommunikasie sal wees wat buite die beheer van die Maatskappy is nie.

In opdrag van die raad van direkteure van die Maatskappy.



***MH Christie***
**Maatskappysekretaris (Waarnemend)**

***Tel nr. (018) 464* 7601**

**KLERKSDORP**
**28 Julie 2026**

# V O L M A G

## SENWES BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasie nr.: 1997/005336/06)
**("Senwes" of "die Maatskappy")**

Ek/ons (*drukskrif*) ______________________________________________
(*naam van aandeelhouer)*

van ______________________________________________ (*adres*)

Aandeelhouers en/of Senwes klant nr.: __________________ Tel en/of sel nr.: __________________

E-posadres: ______________________________________________

synde ŉ lid/lede van die maatskappy, stel hierby: ______________________________
(*naam van gevolmagtigde*)

van ______________________________________________ (*adres*)

of indien nie hy nie ______________________________ (*naam van gevolmagtigde*)

van ______________________________________________ (*adres*)

of indien nie hy nie, die voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde aan om op die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat gehou word op 28 Augustus 2026 en enige verdaging daarvan, soos volg namens en ten behoewe van my/ons te stem:

| | | | TEN GUNSTE VAN | TEEN | BUITE STEMMING |
|---|---|---|---|---|---|
| **1.** | **Gewone besluit nr. 1** | (aanstelling van ouditeur) | | | |
| **2.** | **Gewone besluit nr. 2** | (bevestiging van finale dividend) | | | |
| **3.** | **Gewone besluit nr. 3** | (bevestiging van spesiale dividend) | | | |
| **4.** | **Gewone besluit nr. 4** | **(bevestiging van aanstelling en herverkiesing van direkteure):** | | | |
| **4.1** | **Gewone besluit nr. 4.1** | (heraanstelling van SF Booysen) | | | |
| **4.2** | **Gewone besluit nr. 4.2** | (heraanstelling van NDP Liebenberg) | | | |
| **4.3** | **Gewone besluit nr. 4.3** | (heraanstelling van WH van Zyl) | | | |
| **4.4** | **Gewone besluit nr. 4.4** | (heraanstelling van AG Waller) | | | |
| **5.** | **Gewone besluit nr. 5** | **(bevestiging van aanstellings: Uitvoerende Direkteure):** | | | |
| **5.1** | **Gewone besluit nr. 5.1** | (bevestiging van aanstelling: D Bester) | | | |
| **5.2** | **Gewone besluit nr. 5.2** | (bevestiging van aanstelling: D Engelbrecht) | | | |
| **6.** | **Gewone besluit nr. 6** | **(verkiesing van lede van Senwes Ouditkomitee):** | | | |
| **6.1** | **Gewone besluit nr. 6.1** | SF Booysen | | | |
| **6.2** | **Gewone besluit nr. 6.2** | JJ Minnaar | | | |
| **6.3** | **Gewone besluit nr. 6.3** | VJ Klein | | | |
| **6.4** | **Gewone besluit nr. 6.4** | AG Waller | | | |
| **7.** | **Gewone besluit nr. 7** | **Aanstelling van Sosiale en Etiekkomitee** | | | |
| **8.** | **Gewone besluit nr. 8** | (magtiging om aandele uit te reik) | | | |
| **9.** | **Gewone besluit nr. 9** | (goedkeuring van vergoedingsbeleid) | | | |
| **10.** | **Gewone besluit nr. 10** | (goedkeuring van vergoedingsverslag) | | | |
| **11.** | **Spesiale besluit nr. 1** | (direkteursvergoeding vir die nuwe jaar) | | | |
| **12.** | **Spesiale besluit nr. 2** | (algemene magtiging vir die terugkoop van aandele) | | | |
| **13.** | **Spesiale besluit nr. 3** | (wysiging van klousule 17.2.1 van die AVO) | | | |
| **14.** | **Spesiale besluit nr. 4** | (wysiging van klousule 17.3.2 van die AVO) | | | |

(*Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van ŉ kruis in die toepaslike ruimte hierbo voorsien*)
Tensy anders opgedra, kan my/ons gevolmagtigde stem soos hy goeddink. Hierdie volmag sal tydens die vergadering ook as stembrief dien.

GETEKEN te ______________________ op hierdie __________ dag van ______________________2026.

______________________
***Bygestaan deur** (indien van toepassing)*

Faks asb. na: ***086 680 3124*** of e-pos aan: **claudi.smit@senwes.co.za**

______________________
***Handtekening***
Indien volmag namens ŉ regspersoon onderteken word, dui hoedanigheid aan, direkteur, lid van BK, trustee van 'n trust.

**NOTAS:**

1. ʼn Lid is geregtig om die name van 2 (twee) alternatiewe gevolmagtigdes van die lid se keuse in die toepaslike ruimte op die keersy in te vul, met of sonder skrapping van "die voorsitter van die vergadering", maar enige sodanige skrapping moet deur die lid geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm staan, en wat by die algemene vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree tot die uitsluiting van diegene waarvan die name daarop volg. Indien geen gevolmagtigde se naam in die blanko ruimtes ingevul word nie, sal geag word dat die voorsitter van die vergadering gevolmagtig is om namens die lid op te tree.

2. Na die mate waarin geen stemopdrag deur die lid in die toepaslike ruimte(s) aangedui word nie, sal geag word dat die gevolmagtigde, wat dus ook die voorsitter kan wees, na eie goeddunke mag optree.

3. Enige wysiging of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

4. Dokumentêre bewys van die magtiging van ʼn persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid teken, kan vereis word. Aanvaarbare vorms van identifikasie sluit in wettige identiteitsdokumente, bestuurslisensies of paspoorte.

5. ʼn Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumentêre bewyse vir sy/haar bevoegdheid aan die maatskappy voorgelê is of word.

6. Boedels wat op die stemlys voorkom, mag slegs deur middel van die betrokke eksekuteur / likwidateur / kurator stem by voorlegging van bewys van aanstelling deur die Meester van die Hoërhof. Indien deur middel van ʼn volmag gestem word, moet bogenoemde bewys die volmag vergesel.

7. In die geval van gesamentlike houers van aandele:
   7.1 mag enigeen van die gesamentlike houers die volmagvorm teken; en
   7.2 sal die stem van die senior gesamentlike houer (vir hierdie doeleindes sal senioriteit bepaal word deur die volgorde waarin die name van die gesamentlike houers in die maatskappy se aandeelregister aangeteken is) wat ʼn stem aanbied (hetsy in persoon of by wyse van volmag) aanvaar word tot die uitsluiting van die ander gesamentlike houer(s).

8. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke lid om die algemene jaarvergadering by te woon, daarop te praat en persoonlik daarop te stem nie tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde hieringevolge aangestel, indien sodanige lid aldus verkies is.

9. Volmagvorms moet aan die maatskappysekretaris van die maatskappy, Mnr. MH Christie, by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (Posbus 31, Klerksdorp, 2570), besorg word om hom te bereik nie later nie as 12:00 op Donderdag, 27 Augustus 2026.

   Volmagvorms kan ook per faks aan die maatskappysekretaris gestuur word na faksnr. 086 680 3124 of per e-pos na claudi.smit@senwes.co.za of ingedien word via die Internet voor of op bogemelde datum.

10. Aandeelhouers word verwys na die belangrike bepalings in terme van Artikel 58 van die Wet soos hieronder aangedui.

**AANDEELHOUERSREGTE**
**OPSOMMING VAN REGTE VERVAT IN ARTIKEL 58 VAN DIE WET**

Nieteenstaande die inhoud van die notas hierin vervat, moet aandeelhouers kennis neem van die bepalings van Artikel 58 van die Wet:

1. ŉ Aandeelhouer van ŉ maatskappy kan, op enige tydstip en ooreenkomstig die bepalings van Artikel 58 van die Wet, enige individu (insluitend ŉ individu wat nie ŉ aandeelhouer is nie) as gevolmagtigde aanstel om namens die aandeelhouer deel te neem aan, en te praat en te stem by ŉ aandeelhouersvergadering;

2. ŉ gevolmagtigde kan sy of haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan ŉ ander persoon delegeer, behoudens enige beperking wat uiteengesit word in die instrument wat die gevolmagtigde aanstel;

3. ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om ŉ gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van ŉ gevolmagtigde op enige tydstip opgeskort en in die mate wat die tersaaklike aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige sodanige regte as aandeelhouer op te tree (sien nota 4 hieronder);

4. die aanstelling van ŉ gevolmagtigde deur ŉ aandeelhouer is herroepbaar, tensy die vorm van die instrument wat gebruik is om sodanige gevolmagtigde aan te stel, anders aandui;

5. indien die aanstelling herroepbaar is, kan ŉ aandeelhouer die aanstelling van ŉ gevolmagtigde herroep deur (i) dit skriftelik te kanselleer, of ŉ strydige nominasie van ŉ gevolmagtigde te maak; en (ii) ŉ kopie van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en aan die maatskappy te lewer;

6. ŉ gevolmagtigde wat deur ŉ aandeelhouer aangestel is, is daarop geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer uit te oefen, of buite stemming te bly, sonder opdrag, buiten in die mate wat die tersaaklike maatskappy se Akte van Oprigting, of die instrument wat die gevolmagtigde aanstel, anders bepaal;

7. indien die instrument waarmee ŉ gevolmagtigde of gevolmagtigdes aangestel word deur ŉ aandeelhouer aan ŉ maatskappy gelewer is, en so lank as wat daardie aanstelling van krag bly, moet enige kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet of sodanige maatskappy se Akte van Oprigting deur die maatskappy aan die aandeelhouer gelewer moet word, deur die maatskappy gelewer word aan:
   - die tersaaklike aandeelhouer; of
   - die gevolmagtigde of gevolmagtigdes, indien die aandeelhouer: (i) die maatskappy skriftelik opdrag gegee het om dit te doen; en (ii) enige redelike geld betaal het wat deur die maatskappy gehef word om dit te doen; en

8. indien ŉ maatskappy ŉ uitnodiging aan aandeelhouers rig om een of meer persone aan te stel wat deur die maatskappy as ŉ gevolmagtigde genomineer is, of ŉ vorm van instrument verskaf:
   - moet die uitnodiging na die vergadering waarop die volmag uitgeoefen kan word, aan elke aandeelhouer gestuur word wat geregtig is op kennisgewing van die vergadering;
   - moet die uitnodiging of vorm van instrument wat deur die maatskappy verskaf word:
     - ŉ redelike prominente opsomming van die regte wat deur Artikel 58 van die Wet bepaal word, bevat;
     - voldoende oop ruimte bevat onmiddellik voor die naam of name van enige persoon/persone wat daarin genoem word sodat ŉ aandeelhouer die naam, en indien hy/sy wil, ŉ alternatiewe naam van ŉ gevolmagtigde kan neerskryf wat deur die aandeelhouer gekies word; en
     - voldoende ruimte vir die aandeelhouer laat om aan te dui of die aangestelde gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluite moet stem wat aan die vergadering gestel gaan word, of buite stemming moet bly;
   - moet die maatskappy nie vereis dat die aanstelling van ŉ gevolmagtigde onherroeplik gemaak moet word nie; en
   - die aanstelling van ŉ gevolmagtigde slegs geldig bly tot aan die einde van die vergadering waarop dit beoog was om gebruik te word.